

Paasfees/ Valentyns dag

Paasfees of “Easter”

Paasfees word elke jaar gevier op ‘n Sondag en nie op ‘n weekdag nie en dit wek klaar kommer. Konstantyn wat ‘n Sonaanbidder was, was die insteller van die dag (“Easter” Sunday) in die jaar 325 nM op die Konsilie van Nicea. Die dag was bekend as Pasch of Pasga wat hulle verander het na “Easter”. Hy het die Yashar’EL se 14 Abib (Pasch) verwerp en ingetrek in sy Sondag. *Origenes en Eusebius het gesê: Terwyl die Judeërs getrou aan Moses, die Paaslam eenmaal per jaar geoffer het...vier ons, manne van die Nuwe Verbond, die Pasga elke Sondag. Pous Innocentius 1 skryf; “Ons vier Sondag omrede die eerbiedwaardige Opstanding.....nie slegs op die Paasfees nie maar...elke Sondag.”*

Kom ons kyk na die ontstaan en betekenis van die “Easter” dag. The Oxford Engelse Woordeboek: “Easter” kom uit die voor-christelike tydperk, naamlik ‘n fees ter ere van Eostre, die Germaanse dagbreek godin, ook bekend as Eos die Griekse dagbreek godin en as Usha of Ushas die Hindoe dagbreek godin. Hierdie Eostre was ook bekend as die lente godin en die godin van vrugbaarheid. Die alombekende was ook Istar, godin van die môre. In klassieke mitologie was Eos ‘n minsieke godin en die vrugbaarheid was te wagte, tesame met die vrugbaarheid simbole, van eiers en hase (“Easter” eggs en “Easter bunnies”) Ons kry dan ook die Paasbolletjies (“Easter” “hot-cross buns”). Hierdie bolletjies was reeds in gebruik 1500 jaar vM. ter ere aan die hemel koningin (Jer.7:10-18). Dit was al die jare ‘n rond vorm met ‘n kruis bo-op. *Dit is ‘n kruis wat die son simboliseer op ‘n son koek, Babiloniese Songod.* Hierdie naam Eos, Eostre of Ostara is verwant aan die Sanskritse en Vediese usra of ushas die Zendiese ushastara en die Litause Ausra, die ou Germaanse austron en die manlike lente of dagbreek god van die Noorweërs, Austri, waarvan ons in die Edda lees. Hierdie Eostre is dieselfde persoon wat Astarte was, wat in Hebreeus van die Ou Verbond, Astaroth of Astoreth (Istar in Nineve), bekend was. Sy was ook bekend as die hemel koningin. Eos was getroud met Tithonus, maar ontrou aan hom, en daardeur die verklaring van die dagbreek (godin) wat “bloos”. Sy was bekend as die suster van Helios, die Songod, en was in beeldhouwerk met stralende sonstrale om haar kop uitgebeeld. Astarte (Nimrod se ma) was deur baie volke as ‘n godin gesien. Sy het in ‘n eier na die aarde geval en in die Eufraat rivier beland. Die visse het die eier na die wal van die Eufraat gestoot, waarvan die voëls van die hemel op die eier gaan sit het om dit uit te broei. Astarte word uit die eier gebore in die Lentemaand, wat uit die hemel geval het. Die eier simboliseer nou Noag se Ark met alle lewe daarin, m.a.w. daar was geen lewe of voortplanting moontlik as dit nie vir Astarte (Noag en sy kinders) was nie. Sy het eenmaal ‘n jaar eiers gelê, dan moet die jong maagde die eiers gaan soek en dit eet om vrugbaar te word.

Die manne wag ook vir daardie tyd van die jaar, want dit is die tyd van vrugbaarheid. *Pous Paul V sê in sy leringe: "Bless, o Lord, we beseech thee, this thy creature of eggs, that it may become a wholesome sustenance unto thy servants, eating it in remembrance of our Lord J*sus Christ".* Op daardie dag word baie vroue verkrag en dan loop die geskende maagde 9 maande vêrder om geboorte aan die kind te gee. Presies 9 maande vêrder van 'Paas Sondag' wat Nimrod se verjaarsdag is, is Kersfees; Die gebore kinders word dan op Kersdag geoffer aan Baäl (Nimrod). Dit daar gelaat.

Mense vier dié Pasga en vergeet "Easter" met sy of haar okkulte. Bedink dit.

Valentyn dag

Elke jaar op 14 Februarie vier miljoene mense regoor die wêreld 'n dag bekend as "St. Valentine 's Day". Miljoene kaartjies en bokse sjokolade in die vorm van die "hart" word op die dag uitgegee. Selfs kerke hou partytjies of Valentyn-danse op die sogenaamde "Dag van Liefde". In skole en selfs kleuterskole word kinders se name uit 'n boks getrek en word dan twee – twee saam gesit (*Gepaar*) vir die dag, dit alles net vir die pret daarvan. Mense van alle ouderdomme neem deel in die dag se viering en al wat jy heeldag hoor is "Wees my Valentyn of Be my Valentine".

Die hartseer is dat die meeste mense nooit vra waar die dag se oorsprong vandaan kom nie. Mense vra nie vrae nie en doen, maar net wat almal rondom hulle doen. Hulle stop nie vir 'n sekonde en dink wat ons Almagtige VADER daarvan dink waarmee die mense hulleself mee besig hou nie!

Wanneer ons na Valentynsdag kyk, sien ons dat dit 'n preokkupasie is met die hart en dat ons na die woorde van ons Hemelse VADER moet luister: *"Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Ek, YAH, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handeling; Jer.17:9 – 10.*

Volwaardige *Yashar'EL* behoort bekend te wees vir hulle onderskeidings vermoë en om vrae te vra omtrent die ongewone dag en dae. Wat is die oorsprong van die dag? Waarom die behepthed met die kleur rooi? Waar kom die hartvorm vandaan en wat beteken dit?

Hierdie en ander vrae sal beantwoord word wanneer ons ondersoek instel na die wortel en oorsprong van hierdie hedonistiese dag.

In die dae van die Roomse Ryk, was die maand Februarie die laaste en kortste maand van die jaar. Februarie het oorspronklik 30 dae gehad. Omdat "Julius Caesar" die maand "Julie" na homself vernoem het, het hy die maand Februarie met een dag verkort en eendag by die maand Julie gevoeg om dit 31 dae te gee, dus is Februarie verkort na 29 dae. Later toe "Octavius Caesar", ook bekend as "Augustus" tot roem gekom het, het hy die maand Augustus na homself vernoem.

Om nie ore aangesit te word deur “Julius Caesar” nie, het hy ook ‘n dag van die maand Februarie weggevat en dit by die maand Augustus gesit om die maand ook 31 dae te gee. So is die maand Februarie gelos met net 28 dae. Tot vandag toe het die maande se dae so gebly. Die antieke Romeine het geglo dat elke maand ‘n gees het en dat die gees sy krag met elke dag versterk totdat dit ‘n hoogtepunt bereik in die middel (Ides) van die maand. Dit was gewoonlik die vyftiende dag en dit was wanneer hekse en waarsêers hulle toor werke uitgevoer het. ‘n Waarsêer is ‘n persoon gevul met die gees van divinasie en het die vermoë om geeste op te roep of te ontvang.

Met Februarie wat nou gelos is met net 28 dae, val die middel van die maand op die 14 de. Omdat die middel (Ides) van die maand gewoonlik op die voorafgaande aand gevier was, was Februarie se middel (Ides) uniek gewees en is dit op die aand van die 13 de gevier. Dit het ‘n baie belangrike vakansiedag geword in die Roomse Ryk. Die heilige dag van 14 Februarie was genoem gewees “Lupercalia” of “Dag van die wolf”. Hierdie dag was heilig gewees vir die seksuele perversie van die afgod “Juno”. Daar was ook op die dag eer betoon vir die Roomse gode, “Lupercus” en “Faunus” asook die legendariese tweeling broers wat vermoedelik Rome gevind het, “Remus” en “Romulus”. Daar word gesê dat die twee broers in ‘n grot grootgemaak was deur wolwe op die heuwel “Palatine” in Rome. Die grot was genoem “Lupercal” en was die middelpunt waarom die spesiale fees gevier was op die 14 de Februarie (Lupercalia). Op dié dag, “Lupercalia”, wat later vernoem is na “St. Valentine’s Day”, het die “Luperci” of priesters van “Lupercus”, bebloede bokvelle gedra vir die seremonie. Die priesters van “Lupercus”, die wolf god, het dan bokke en ‘n hond geoffer en hulle dan met die diere se bloed besmeer. Die priesters wat dan rooi gesmeer is met die offerbloed van die diere het dan in ‘n waansinnige dwaal om die heuwel “Palatine” gehardloop terwyl hulle rieme (Februa) uit die bokvel gesny het.

Om die heuwel het vrouens gesit sodat die bebloede priesters in die verbykom hulle dan met die bokvel rieme geslaan het om hulle “vrugbaar” te maak. Die jong vrouens het dan agterna in die stad bymekaar gekom waar hulle name op briefies geskryf is en dan in ‘n houer geplaas is. Die sogenaamde liefdes briefies word dan deur die manne in Rome getrek. Die jong vrou wie se naam dan getrek word, word dan daardie man se seksuele wellus genoot tot die volgende “Lupercalia” of 14 Februarie, dus het 14 Februarie ‘n dag van seksuele wellus geword. Die kleur “Rooi” was heilig vir dié spesifieke dag, omdat dit die kleur van die diere se bloed was. Die “Hart” vorm was nie die voorstelling van die menslike hart nie, want die menslike hart lyk nie so nie. Die “Hart” vorm, stel die vroulike baarmoeder voor of selfs die opening na die kamer van heilige reproduksie.

Toe die Gnostiese Katolieke Kerk 'n vastrapplek in Rome kon kry rondom die derde eeu A.D., het hulle bekend gestaan as die "Valentinians". Die Katolieke "Valentinians" het die seksuele wellus lisensie van die fees, wat hulle genoem het "Angels in nuptial chamber" en wat ook genoem was "Sacrament of copulation", behou. Hierdie was gesê gewees om die voorstelling te wees van die huwelik van "Sophia and the Redeemer". Sodra die deelnemers van die 14 Februarie ritueel begin met hulle seksuele sakrament (*vrugbaarheid – seremonie*), het die priesters wat die seremonie dopgehou het, die volgende rympie of "mantra" opgesê; "Let the seed of light descend into thy bridal chamber, receive the bridegroom...open thine arms to embrace him. Behold, grace has descended upon thee."

Soos die tyd aangegaan het, het die Ortodokse Kerk die Katolieke verdruk en die "St. Valentine" vervaardig wat tot vandag toe nog gevier word in die moderne tyd. Dit behoort nie eers genoem te word dat elke volwaardige ~~Israeliet~~ Yashar'EL die heidense fees nie moet vier nie, en moet vermy soos 'n plaag. In YAH se oë is dit nog steeds "Lupercalia" of "Dag van die wolf". Mans raak soos wolwe met die Ha sataniese ritueel om seks te beoefen sonder die huwelik. Ons het al gehoor van die "Wolf Whistle", en ons almal weet wolwe kan nie fluit nie. Dit is die wellus van die man en die vrou wat Ha satan se boosheid en lastering voort dra tot vandag toe.

Om tot gevolgtrekking te kom, moet ons onself vra, "Moet 'n volwaardige ~~Israeliet~~ Yashar'EL geassosieer word in enige manier met feeste wat 'n Ha sataniese oorsprong het? Moet ons doen wat die heidene al die jare doen en dit as liefde regverdig? *Neh. 5:9 Verder het ek gesê: Dit is nie goed wat julle doen nie. Moet julle nie in die vrees van onse God wandel ter wille van die smaad van die heidene, ons vyande, nie?*

Dié Ha sataniese Aspek: Wanneer 'n meisie by Ha satanisme aansluit en sy is nog 'n maagd, word aan haar gevra of sy wil deelneem aan die vrugbaarheid – seremonie. As sy toestem moet sy 'n maagd bly tot die seremonie plaasvind die 13 Februarie. Gewoonlik stem hulle in en dan word hulle net by die vrugbaarheid-seremonie gebruik. Geen ander man mag aan haar raak tot daardie tyd nie. Dan word die vrugbaarheid-seremonie uitgevoer en as sy verwagting is, word sy verban uit die tempel, maar as sy nie is nie, bly sy in die tempel (*Die Skrifpraat in die Ou Verbond van 'n sekere tydperk wat 'n vrou onrein is nadat sy 'n baba gehad het [Lev.12:2 – 5]*). Hulle het dit verleng na sewe jaar, dan word sy deur die kind soos hulle sê "geheilig". Jy kan niks met haar in die tempel doen voordat die kind 'n skoolgaande ouderdom bereik het nie. Veertien dae voor die vrugbaarheid-seremonie op 13 Februarie, word sy voorberei. Sy moet haar gedurende die tydperk reinig en sekere gebede doen. Dit is net soos in die antieke Babilon, waar hulle "Astoreth" aanbid het.

Daar is sekere dinge wat sy moet navolg soos sy mag niks van 'n dier eet nie (*sataniste is oor die algemeen vegetaries*). Sy is veronderstel om haarself rein te maak. Sy moet drie keer per dag gebed word. Sy doen dit nie self nie, maar sy word bygestaan deur ander vroue wat help met die seremonie. Sy werk nie gedurende dié tyd in 'n private werk nie. Daar word sekere soute en bad olies gebruik in die bad proses. Hulle gebruik soute wat 'n mens baie laat sweet om al die onreinheid uit die liggaam te laat sweet. Sy word voorberei as die bruid van Ha satan. Daar is net een maagd betrokke by so 'n seremonie en dis altyd op die 13 de Februarie.

Op die aand van die seremonie, sal die priester of hoë priester (*laasgenoemde in die tempel*), met die maagd gemeenskap hê. Die seremonie van die aanbidding van "Astoreth" word voorafgegaan deur 'n ander seremonie. Dit is waar sewe "bulls of Minos" eers gemeenskap moet hê met vrouens, voor die eintlike seremonie waar die priester gemeenskap het met die maagd (*Die Minos is mans wat gekies word vir hul fisiese eienskappe*). Dit vorm deel van die vrugbaarheid – seremonie, maar dit word alles in die openbaar gedoen, in die tempel. Die seremonie duur ongeveer drie uur.

Die liefde is wonderlik, maar Valentynsdag is soos 'n aanloklike lekker vol dodelike gif!

(Ben Maree)

'n vers of twee uit die Skrif:

Lev. 18:24 Verontreinig julle nie deur al hierdie dinge nie, want deur al hierdie dinge is die heidene verontreinig wat Ek voor julle uit verdryf.

Klaag. 1:10 Jod. Die teëstander het sy hand uitgesteek na al haar kosbaarhede; ja, sy het gesien hoedat heidene in haar heiligdom reinheid kom, van wie U bevel gegee het dat hulle in U vergadering nie mag kom nie.

Ps. 79:1 'n Psalm van Asaf. o God Skepper, heidene het gekom in u erfdeel, hulle het U heilige reine tempel verontreinig, Jerusalem tot puinhope gemaak.

Ps. 59:6 Ja U, HERE, God YAHUAH, Skepper van die leërskare, God Skepper van Israel Yashar'EL, word wakker om oor al die heidene besoeking te doen; wees al die ongeregtige trouelose nie genadig goedgunstig nie! Sela.

Ps. 10:16 Die HERE YAHUAH is Koning vir ewig en altyd; die heidene het vergaan uit sy land.

Jes. 33:20 Aanskou Sion, die stad van ons feestelike samekoms! Jou oë sal Jerusalem sien as veilige woonplek, as tent wat nie wegtrek nie, waarvan die penne nooit meer uitgeruk word nie en geneen van sy toue ooit losgeskeur word nie. Soos die Skrif vir ons ook duidelik deurgee: "Kom uit haar uit"

Bedink dit